
SENTIES

# Rooimier

No. 8 van 2018

Sentrale Volkskool Kroonstad Skoolhoof: Mnr. LGH Welthagen Tel. 056 212 5731 Faks 056 212 5201 Hillstraat 92



## Uit die hoof se kantoor

'n Vraag is eers aan ouers en direk daarna aan hulle kinders gevra: "As jy enige iemand kan kies saam met wie jy aandete kan eet, wie sal dit wees." By die ouers het verskeie belangrike mense se name na vore gekom soos Justin Bieber, Nelson Mandela en Marilyn Monroe. Voor die voet het die ouers vir die ***celebrities*** gegaan. Direk na die ouers was dit die kinders se beurt om op dieselfde vraag te reageer. Absoluut sonder uitsondering het hulle gesê hulle gesin of uitgebreide familie. Een jong seuntjie het nogal so ewe gevra: ***Does it have to be a celebrity? Can it be family?***

Pa en ma, jou kind soek JOU – nie jou geld of jou besittings of jou instop nie. Jou kinders soek JOU menswees, JOU teenwoordigheid, JOU omgee, liefde en aanvaarding. Jou buurman, buurvrou of heel beste vriend/in kan nie instaan daarvoor nie. Niemand kan jou verteenwoordig of vervang as dit kom by jou unieke en eksklusiewe rol as Pa of Ma nie. Wat 'n voorreg!

So, waarvoor wag jy. Begin anders kyk na jou dagboek. Begin om jou huwelik en gesin in jou dagboek in te skryf as belangrike prioriteite. Begin om in die spieël te kyk en trots te voel op na wie jy kyk: 'n pa of ma met 'n heerlike, Goddelike roeping. Jy kyk na 'n pa of ma met hoë waardes. Saam met jou huwelik is dit een van die belangrikste roepings van jou lewe. Jy kan en mag trots wees daarop.

Mag die woorde van die bekende navorser, George Barna, waar wees in jou lewe:

***Parents who produce spiritual champions embrace parenting as their primary job in life.***

……en die woorde van die wêreldbekende neuro-chirurg, Dr Ben Carson: ***"I think parenting is the most important job in the world."*** Pa en ma, waarvoor wag jy? Maak die nodige aanpassings en gaan leef jou roeping!

STERKTE AAN MERINDA CRONJE EN IVAN DE BRUYN WAT AAN DIE SA ATLETIEKBYEENKOMS GAAN DEELNEEM IN DIE PAARL. ONS WEET DIT SAL GOEDGAAN!




### Vrystaat-Noordkaap Wiskunde- Uitdag-ing


Hierdie kompetisie is vir al die Wiskunde-leerlinge vanaf Graad 3 – Graad 7. Dit stel leerlinge bloot aan vrae wat hul basiese kennis bevorder en andersyds stimuleer dit hul vermoë om kreatief met Wiskunde om te gaan.

Die uitdaging word op **24 Julie** by die skool geskryf om 14:00. Inskrywingsgeld beloop **R9** per leerling en moet **voor 16 Maart** by die leerling se Wiskunde-onderwyser inbetaal word.

*Leerlinge het vorms ontvang met inligting rakende die individuele foto's wat geneem gaan word op 11 April 2018. Bestellings moet voor 28 Maart by registeronderwyser geplaas word.*

## Datumlys

| | |
|---|---|
| 10 Maart | Oor die Vaal rugby en netbal (Viljoenskroon) |
| | Parravlei Classic Gholftoernooi by die Country Klub |
| 12 Maart | Junior Primêr begin met eksamen |
| 13 Maart | Odensia Aandreeks vir Rugby en Netbal begin |
| 15 Maart | Bestuursliggaam Nominasievergadering (17:00–18:00) |
| | Bestuursliggaam Verkiesingsvergadering (18:15–19:15) |
| 16 Maart | Mini-netbalkliniek vir 0/7 – 0/9 spanne |
| 17 Maart | Netbalkliniek vir 0/10 – 0/13 spanne |
| | SA Atletiekbyeenkoms – Paarl |



# Slaagvereistes :

**Minimum slaagvereistes:**

**Sleutels:**
Vlak 2: 30 – 39%
Vlak 3: 40 – 49%
Vlak 4: 50 – 59%

**Bevorderingsvereistes (Graad 4-6)**
Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog twee ander vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 7)**
Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog drie ander vakke.
Vlak 2 - in oorblywende vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 1-3)**
Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde




# Tweekamp :

Ané Crous, David Crous en Shaun Morgan is vir die Noord-Vrystaat Tweekampspan gekies. Hulle gaan 30 - 31 Maart aan die SA Tweekamp-kampioenskappe in Pretoria deelneem. Baie geluk en sterkte!






## Mini-netbalkliniek

Datum: Vrydag, 16 Maart 2018
Plek: Sentrale Volkskool
Tyd: 13:30 - 15:30
Koste: R120 per speelster

Alle 0/7, 0/8 en 0/9 netbaldogtertjies word uitgenooi na hierdie afrigtingskliniek wat aangebied word deur Mary-Jane Loggenberg van Sasolburg. Gelde kan by die afrigters inbetaal word en u kind se naam word op 'n lys afgemerk. Verdere inligting sal verskaf word sodra ons die name het van die inskrywings.

**Sperdatum vir inskrywings: Vrydag, 9 Maart**




## Netbalkliniek vir senior spelers

Datum: Saterdag, 17 Maart 2018
Plek: Sentrale Volkskool
Tyd: 9:00 - 13:00
Koste: R150 per speelster

Al die 0/10 – 0/13 netbaldogters word uitgenooi na 'n afrigtingskliniek wat aangebied word deur juf. "Poedels" van Sentraal Hoërskool in Bloemfontein. Sy beskik oor 'n uitstekende netballoopbaan en prestasies behaal op die netbalveld. Gelde kan by die afrigters inbetaal word en verdere inligting sal aan u deurgegee word sodra ons die finale getalle het.

**Sperdatum vir inskrywings: Vrydag, 9 Maart**



# Boogskiet uitslae "NASP School Invitations tournament"

| Naam | Van | Skool | Graad | Afdeling | Punt uit 300 | % | Graad Plek | Afdeling | Algeheel |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JC | Young | Sentrale Volkskool | Gr 6 | Jnr | 269 | 89.67% | 1ste Gr6 | 1ste Jnr Seuns | 4de Algeheel |
| Adrian | Schmidt | Sentrale Volkskool | Gr 5 | Jnr | 235 | 78.33% | 1ste Gr5 | | |
| Kaylie | Steyl | Sentrale Volkskool | Gr 4 | Jnr | 190 | 63.33% | 1ste Gr4 | 2de Jnr Meisies | |
| Kayla | Jooste | Sentrale Volkskool | Gr 6 | Jnr | 181 | 60.33% | | 3de Jnr Meisies | |
| Dylan | Young | Sentrale Volkskool | Gr 04 | Jnr | 67 | 22.33% | 2de Gr4 | | |

## Bulletjie - Rugby

Die Bulletjies-spanne speel Dinsdag, 13 Maart, 'n oefenwedstryd teen Senekal in Senekal. Ons vertrek 13:00 vanaf die skool en sal ongeveer 17:00 terug wees. Ons vra dat ouers ons sal help met die vervoer asb, laat weet op die briefie wat huistoe gaan of u ons kan help en met hoeveel.

## BELANGRIK :

**AFWESIGHEDE :**

Ouers moet onthou dat indien 'n kind afwesig is gedurende die eksamen dat u 'n doktersertifikaat moet inhandig anders kry u kind 'n 0 vir die toets of eksamen. U kind kan dan ook nie in aanmerking kom vir die Top 10 nie.

**NOMINASIEVERGADERING :**

Neem kennis dat die Nominasievergadering vir die Bestuursliggaam op 15 Maart om 17:00 tot 18:00 in die saal sal plaasvind. INDIEN U NIE IEMAND WIL NOMINEER NIE KAN U EERS 18:15 KOM STEM, vir die persone wat wel genomineer is. Ons benodig 'n stempersentasie van 15% gedurende die stemming anders moet die hele proses weer oorgedoen word. Ons doen 'n beroep op ons ouers om asseblief te kom stem hierdie aand. Ouers wat kom stem se kinders sal 'n kaartjie ontvang wat hul kind/kinders toestemming sal gee om die Vrydag met gewone klere skooltoe te kom.

**SPORT :**

Ons vra weer dat ons ouers die keuse van spanne deur ons afrigters sal respekteer en nie afrigters sal intimideer nie. 'n Goeie voorstel is altyd welkom as dit op 'n mooi manier gedoen word, maar kritiek is beslis nie baie welkom as dit op 'n lelike manier gedoen is nie. Ons doen 'n beroep op u om geen aanmerkings langs die baan op kinders, afrigters of skeidsregters te maak nie. Die NVS Sportvereniging het besluit dat sulke ouers gevra sal word om die terein te verlaat. Hierdie reel gaan hierdie jaar baie streng toegepas word!

## Sonskyn SENTIE



AJ THOMPSON (Graad 1)

## Assessering

### GRAAD 4

| | | |
|---|---|---|
| SW | Voer onderhoude met 'n persoon wat iets goeds in jou gemeenskap gedoen het. Beantwoord die vrae agter in jou werkboek. Bring inligting saam. | 13/03 |
| AFR | Skryf 'n gedig van 2 strofes | 16/03 |
| ENG | Oral | 19/03 |
| NW | Ondersoek 'n habitat van 'n dier | 26/03 |

# Radikale Redenaars Uitslae :

| | |
|---|---|
| **Radikale Redenaars Uitslae** | |
| Minke Steyl | B |
| Carli Erasmus | A |
| Chloë Els | A |
| Marco van Niekerk | A- |
| Mieke Erasmus | A- |
| Zanro van Rensburg | A- |
| Helené Fourie | B+ |
| Kaylie Steyl | A- |
| Johanne Jonker | A- |
| Shaun Morgan | A |
| Nieke Botha | A- |
| Katya Steyl | A |
| Burnette Staal | A |
| Cuylen van Niekerk | A |
| Miya Jordaan | A+ |
| **Eksperimenteel Individueel** | |
| Miya Jordaan | A |
| **Lees** | |
| Miya Jordaan | A + |

# Sentie-Snoepie

Ons wil graag ons ouers gemoedsrus gee rakende die geprosesseerde vleise wat by die snoepie gebruik word. Geeneen van ons produkte word deur Enterprise en/ of Rainbow voorsien nie. Kom smul dus gerus aan 'n Ham en Kaas of 'n Hoender-mayo broodjie.

# Dr. Johan Smit

Dr. Johan Smit besoek Sentrale Volkskool op 2 Mei. Leerders het reeds briefies ontvang met die nodige inligting. Ondersteun asseblief hierdie geleentheid.

# Hengelkompetisie :

*Die organiseerders van die Hengelkompetisie wil graag hul dank uitspreek teenoor elke ouer, juffrou/meneer en borgskappe wat 'n bydrae gelewer het tot 'n baie suksesvolle hengelkompetisie die afgelope naweek.*

*94 Uitstekende hengelaars het deelgeneem*
*Die dag het vlot verloop en die volgende hengelaars is bekroon met die wenpryse: :*

- *Eerste prys: Kassie Van Der Westhuisen en William Petri met 'n gewig van 43.76 kg*
- *Tweede prys: Anzerie Van Rooyen en Brihan De Jonge met 'n gewig van 30.59 kg*
- *Derde prys: CJ Jordaan en Paul Venter met 'n gewig van 29.94 kg*



*Baie geluk aan die wenners en baie dankie vir almal se ondersteuning.*

| VRYSTAAT BYEENKOMS : 3 MAART 2018 | | | |
|---|---|---|---|
| Ouderdom | Atleet | Item | Plek |
| Dogters | | | |
| 0/10 | Ané Crous | 80m | 5 |
| | | NFS Aflos | 2 |
| 0/13 | Merinda Cronje | Spiesgooi | 2 |
| Seuns | | | |
| 0/11 | Ivan de Bruyn | 100m | 2 |
| | | Verspring | 4 |
| | | NFS Aflos | 1 |
| 0/13 | BJ Pelser | 200m H | 4 |

# AFBAKENING 2018

| EKSAMENROOSTER MAART 2018 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| MAART | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
| 6 | | | | SW : Geografie |
| 7 | | | | WISK : Algebra |
| 8 | WISK 1 | WISK 1 | WISK 1 | NW 1 |
| 9 | SW : Geografie | SW : Geografie | SW : Geografie | EBW |
| 12 | ENG : Comprehension | ENG : Comprehension | ENG : Comprehension | TEG |
| 13 | NW 1 | NW 1 | NW 1 | AFR : Begriptoets |
| 14 | AFR : Begripstoets | AFR : Begripstoets | AFR : Begripstoets | WISK : Meetkunde |
| 15 | WISK 2 | WISK 2 | WISK 2 | ENG : Comprehension |
| 16 | NW 2 | NW 2 | NW 2 | NW 2 |
| 19 | ENG : Language | ENG : Language | AFR : Taalwerk | ENG : Language |
| 20 | SW : Geskiedenis | SW : Geskiedenis | SW : Geskiedenis | SW : Geskiedenis |
| 22 | AFR : Taalwerk | AFR : Taalwerk | ENG : Language | AFR : Taalwerk |

| Graad 4 | |
|---|---|
| NW & TEG | HB. (Bl. 2-6, 9+10, 12-14, 16, 19, 22, 24-27, 30, 33-36, 40, 42-45, 52+ 53) + nuwe woorde in werkboek. |
| WISK | HB. (Bl. 11, 21, 33, 47, 52+53), Voorbeeldelêer (Bl. 1, 22-26, 27-29) |
| ENG | HB.(Pg. 6, 8, 16, 18, 25, 26, 28, 42, 178, 179), punctuation + summary of language + comprehension test. |
| AFR | Skryftekens (bl. 2, 5), Idiome (bl. 12, 22), Tydsvorme (bl. 7, 32), Selfstandige naamwoorde (bl. 17), Byvoeglike naamwoorde (bl. 27, 38), Lettergrepe (bl. 22, 37), Meervoude (bl. 18, 28), Afgerolde blaaie en flipfile. |
| SW | **Geografie:** Eenheid 1. (bl 4). Eenheid 2. (bl 6) Eenheid 3. (bl 8, 10) Eenheid 4. (bl 11,12,14), Eenheid 5. (bl 15), **Geskiedenis:** Eenheid1. (bl84,85,87,89) Eenheid 2. (bl 90,92) |

| Graad 5 | |
|---|---|
| NW | Sleutelwoorde (kwartaal 1), Plante en diere op aarde (bl 1+2), Diereskelette (bl 15-20), Voedselketting (bl 37-43), Beweging (bl 22-23) Langvraag, Soorte diere (bl 10-11), Groei en ontwikkel (bl 49-50) |
| ENG | Present Tense (p 16), Past Tense (p 41), Question forms (p 24), Pronouns (p 7,32), Can, may, must (p15), Comparisons (p 30), gender (p41), Nouns (countable/ uncountable. Find relevant written exercises in Workbook and |
| AFR | Alliterasie en assonansie (bl 7 en 9 in leerlêer), Vergelykings (bl 45 in handboek), Samestellings (bl 17 in handboek), Sinonieme en antonieme (bl 3 in leerlêer), Voegwoorde (en, want, maar, omdat, sodat, wat ), Idiome (Tema 1-5), Alfabetiese volgorde (bl 13 en 25 in handboek), Lidwoorde (bl 17 en bl 15 vraag 6 in handboek) , Byvoeglike en selfstandige naamwoorde (bl 11,12 en 13 in leerlêer), Letterlike en figuurlike taalgebruik (bl 47 in handboek), Personifikasie (bl 7 en 8 in leerlêer), Voorsetsels (bl 3 in leerlêer en bl 36 “Werk met woorde” in handboek), Trappe van vergelyking ( bl 12 in leerlêer), Afkortings (bl 7 in handboek), Verlede en toekomende tyd ( bl 36 “Werk met sinne”), Werkwoorde (bl 17 in leerlêer) |
| WISK | Vraestel 1: (Bl. 4-9 , 11, 13-19 ,21-25), Vraestel 2: (Bl. 28-36 , 38-40 , 42-44 , 47-53) |
| SW | **Geografie** : Sleutelwoorde (Bl.4, 16, 21), Kortvrae (Bl.4, 5, 7, 14, 15, 17, 21, 23), Langvrae (Bl.9, 10, 12, 13), **Geskiedenis** : Sleutelwoorde (Bl.100), Kortvrae (Bl.102, 103, 105, 109, 114), Langvrae (Bl.100, 101, 104, 107, 108, 115, 117) |

| Graad 6 | |
|---|---|
| AFR | Platinum (Bl. 2,7-9,11,14,20,21,26,31-33,36,38,44,45,48,50,51,54-57,60) Oranje handboek (Bl. 140,141,144,145) Teikenwerkvelle |
| NW | **Vraestel 1 :** (Bl 2 – 26) Eenheid 1 en 2 asook alles in werkboek BAIE BELANGRIK, **Vraestel 2 :** (Bl 28 – 54) Eenheid 3 – 4 asook alles in werkboek BAIE BELANGRIK |
| WISK | **Vraestel 1 - Tema 1**: Tel,rangskik,vergelyk en stel heelgetalle voor. (bl.4 - 7), **Tema 2**: Getalsinne: Optel, aftrek, vermenigvuldig en omgekeerde bewerkings. (bl. 8 – 10) , **Tema 3**: Optel en aftrek, Afronding en skatting, Uitgebreide notasie en Omgekeerde bewerkings (bl. 12 – 17) , **Tema 4** : Breuke (bl.18 – 26), **Tema 5 :** Tyd : Lees tyd , herlei, interpreteer kalenders. (bl. 30 - 32 en 35), **Vraestel 2 - Tema 5 :** Tyd : Lees tyd , herlei, interpreteer kalenders (bl. 30 - 32 en 35), **Tema 6**: 2 – D vorms,hoeke (bl. 36 – 40) , **Tema 7**: Datahantering, tabelle, piktogramme en staafgrafieke. (bl 34 – 36 en 38), **Tema 8**: 2D-vorms, veehoeke en hoeke ( bl. 42 – 44) , **Tema 9**: Inhoud en volume. ( bl. 48,50,51,52), Numeriese patrone: Vloeidiagramme.( bl. 18 – 20) |
| SW | **Geografie** : Sleutelwoorde (Bl.4, 16, 21), Kortvrae (Bl.4, 5, 7, 14, 15, 17, 21, 23), Langvrae (Bl.9, 10, 12, 13), Geskiedenis : Sleutelwoorde (Bl.100), Kortvrae (Bl.102, 103, 105, 109, 114), Langvrae (Bl.100, 101, 104, 107, 108, 115, 117) |
| ENG | All work to be studied in Language Rules File : Pronouns – Page 1-8, Nouns – Page 8-13, Prepositions – Page 42, 43, Questions, negatives, tenses and irregular verbs – Page 22-30, Homophones – Page 44, Adjectives – Page 17-21, Comprehension |

| Graad 7 | |
|---|---|
| NW | **Vraestel 1** : (Bl 2 – 35) Eenheid 1 en 2 asook alles in werkboek BAIE BELANGRIK, **Vraestel 2** : (Bl 36 – 43), (Bl 52 –59) Eenheid 3 en 4 asook alles in werkboek BAIE BELANGRIK |
| AFR | Platinum (bl. 2,7-9,12,14,15,18-21,24,26,30-33,36,38,39,41-45 48,50,55-57,60 AMT (bl. 51,52,53,185-187), Teikenwerkvelle |
| EBW | Tradisionele samelewings (bl 8), Ruilhandel (bl 10), Funksies van geld (bl 15), Kenmerke van geld (bl 15), Behoeftes (bl 16), Begeertes (bl 22), Goedere en Dienste (bl 24-25), Produsente en verbruikers (bl 26), Formele en Informele besighede (bl 32-34), Natuurrampe en gesondheidsepidemies (bl 36-38) |
| WISK | Algebra - Tema 1: Telgetalle, Tema 2 : Eksponente,<br>Meetkunde - Tema 3 Lyne, Tema 4 Konstruksies, Tema 5 3D vorms. |
| SW | **Geografie - Module 1** : **Kaartvaardigdhede,** Eenhheid 1 : Plaaslike kaarte en straatkaarte (bl.8 -10), Eenheid 2 : Sketskaarte en roetes. (bl 12-13) , Eenheid 4 : Afstand en skaal. (bl.16 – 19), Eenheid 5 : Huidige gebeure. (bl. 21-23), Alle onderstreepte werk, Aantekeninge , **Geskiedenis - Module 2** : **Koningkryk van Mali en die stad Timboektoe gedurende die 14de eeu.,** Eenheid 1 : Handel oor die Saharawoestyn : (bl 26 – 27) **,** Eenheid 2 : Koninkryk van Mali, (bl. 29-32) (Kort en langvrae), Eenheid 3 : Die stad Timboektoe, ( bl.33 – 41) (bl.37-38 langvraag) en Alle onderstreepte werk. Langvrae soos deurgegee. |
| TEG | **Kwartaal 1** (Bl. 2-44) : Leerders moet die volgende baie goed ken - **Hoofstuk 1:** Definieer tegnologie bl.2, Ontwerpproses bl.4, Ondersoekvaardighede bl.5, Ontwerpopdrag bl.7, Maakvaardighede bl.9, Evalueringsvaardighede bl.11, Kommunikasievaardighede bl.12, Ontwerpoorwegings bl. 13, Opsomming bl.14, Hersiening bl. 14, **Hoofstuk 2 :** Doel van grafiese werk bl. 16, Werkstekeninge bl. 17, Tekenkonveksies bl.19, Soortelyne bl. 20-21, Wat is skaal bl.21-22, Vryhandsketse bl.23-26, Werkstekeninge bl. 27-31 (Tweedimensionele werkstekeninge), Grafiese tegnieke bl. 32-41(Driedimensionele tekeninge, skuinstekeninge,kunstigetekeninge, enkelverdwynpunt-perspektieftekening., Opsomming bl. 42, Hersiening bl.43 |
| ENG | All work to be studied in Language Rules File : Punctuation – Page 1-4, Nouns – Page 18+19, Few/Little – Page 21, Places (eg. Orchard ) People (eg. Chemist ) – Page 16+17, Tenses (simple) – Page 5-8_12-15, Statement, question, exclamation and negatives – Page 10-11, Pronouns – Page 23-29 |